## BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

JACOB P. BRITS
*"Doing History": a practical guide to improving your study skills*
Kaapstad: Maskew Miller Longman
1993
127 pp.
R38,70
ISBN 0-636-01758-0

Oor die wese, die bestudering en die skryf van geskiedenis verskyn daar wêreldwyd voortdurend nuwe handleidings vir studente en beroepshistorici. Wanneer hierdie uitlandse handleidings bestudeer word, kry 'n Suid-Afrikaanse leser altyd die gevoel dat daar iets skort; dat die gedagtes wat daarin uitgespreek word nie altoos heeltemal op ons eie situasie aan die suidpunt van Afrika van toepassing is nie en dat die voorbeelde wat ter illustrasie gebruik word soms baie ver buite ons normale verwysingsraamwerk val. Die verskyning van Brits se eg Suid-Afrikaanse handleiding moet dus allerweë verwelkom word.

Brits was vroeër 'n geskiedenisnavorser in diens van die R.G.N. en het in hierdie hoedanigheid op 'n baie praktiese wyse kennis gemaak met die probleme waarvoor 'n historikus te staan kom. Daarna het hy 'n dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika geword, waar hy tans onder meer vir die onderrig van die teorie en metodologie van Geskiedenis verantwoordelik is. Bowendien is hy 'n uiters bedrewe en produktiewe historikus uit wie se pen reeds talle publikasies verskyn het. Brits is dus uitnemend toegerus om 'n handleiding van hierdie aard te kon skryf.

Die handleiding is basies in vyf afdelings verdeel. Die eerste afdeling handel oor die aard en wese van Geskiedenis. Daarna volg 'n afdeling waarin praktiese wenke vir die sinvolle lees van geskiedenis gegee word. Die volgende afdeling handel oor die noodsaak van suiwere denke en beredenering wanneer jy jou met die studie van geskiedenis besig hou. Die vierde - en waarskynlik die belangrikste - afdeling van die boek gee praktiese wenke oor die skryf van geskiedenis en is veral geldig ten opsigte van werkstukke, maar kan ook ten opsigte van groter publikasies van groot waarde wees. Die laaste afdeling handel oor die afneem van aantekeninge en die voorbereiding vir en skryf van toetse en eksamens.

Die handleiding is logies saamgestel en in 'n baie maklik verstaanbare taal geskryf. Die 29 oefeninge wat aan die einde van sekere gedeeltes ingevoeg is, het beslis groot praktiese waarde en verhoog die bruikbaarheid van die boek aansienlik. Die keuse van illustratiewe materiaal, hetsy foto's, sketse, diagramme of oordrukke uit koerante, het feitlik deurgaans 'n Suid-Afrikaanse verbintenis en het daarom groot trefkrag in ons wêrelddeel. Die spaarsame, maar effektiewe gebruik van omraming om belangrike wenke te beklemtoon, verdien spesiale vermelding. Die publikasies wat in die bronnelys opgeneem is, is voldoende vir 'n boek van hierdie omvang.

Die uitgewer verdien lof vir die treffende omslag en keurige tipografiese versorging van hierdie handleiding wat in A4-formaat in sagteband uitgegee is.

*"Doing History"* word van harte vir veral geskiedenisstudente en -dosente aanbeveel, maar amateurhistorici sal die publikasie ook besonder bruikbaar vind.

O.J.O. FERREIRA
*Universiteit van Pretoria*